# PIXXARO® 266 EC
# Arylex® active

## HERBICIDE

Registration number/Registrasie Nommer L11191 Act/Wet Nr. / No. 36 of / van 1947

**READ THE LABEL BEFORE USE**

**KEEP OUT OF REACH OF CHILDREN AND ANIMALS**

| | | |
|---|---|---|
| **HRAC GROUP** | **O** | **HERBICIDES** |

| | |
|---|---|
| A selective herbicide for the post-emergence control of broadleaf weeds on fallow lands and in wheat and barley. | 'n Selektiewe onkruiddoder vir die na-opkoms beheer van breëblaaronkruide op oorlê lande en in koring en gars. |



**DANGER**

**HAZARD STATEMENTS:**
May cause an allergic skin reaction.
Causes serious eye damage.
May cause respiratory irritation.
Very toxic to aquatic life with long lasting effects.

**PRECAUTIONARY STATEMENTS:**
Avoid breathing mist/vapours/spray.
Wear protective gloves/protective clothing/eye protection/face protection.
IF ON SKIN: Wash with plenty of water.
IF INHALED: Remove person to fresh air and keep comfortable for breathing.
IF IN EYES: Rinse cautiously with water for several minutes. Remove contact lenses, if present and easy to do. Continue rinsing. Immediately call a POISON CENTER/doctor.
Dispose of contents/container in accordance with applicable regulations.

**ACTIVE INGREDIENTS/AKTIEWE BESTANDDELE**

ARYLEX® (halauxifen-methyl) ..…..................... 16.25 g a.e./L ............…............. ARYLEX® (halauxifen-metiel)
(Pyridine Compound) (Piridienverbinding)
Fluroxypyr (pyridyloxy compound) ......................... 250 g a.e./L ......................... Fluroksipir (piridiloksieverbinding)

**NET MASS ......................…………..…............... L ............................…………..….. NETTO MASSA**

**REGISTRATION HOLDER / REGISTRASIEHOUER:**
CORTEVA AGRISCIENCE RSA (PTY) LTD / (EDMS) BPK
REG NO 1991/003030/07
Lakefield Office Park, Block A, 2nd Floor, 272 West Avenue, CENTURION, 0157 South Africa
®Trademark of Corteva Agriscience™ and its affiliated companies

Batch Number ……………………….. ………………………………. Lotnommer
Date of Manufacture ………………... …………………... Vervaardigingsdatum
Expiry date ………………………….. ……………………………. Vervaldatum

**UN NO : 3082**

Poisons Helpline: +27(0)861 555 777
Local Emergency No: +27(0)82-895-0621 (SA only)
24 Hour Emergency Tel No: +32-3-575-5555
Information Hotline Tel No: +27 (0)12 683 5700

## WARNINGS

**HAZARD STATEMENTS:**
May cause an allergic skin reaction.
Causes serious eye damage.
May cause respiratory irritation.
Very toxic to aquatic life with long lasting effects.

**BARLEY** – Allow 95 days between application and harvesting.
**WHEAT** – Allow 91 days between application and harvesting.

May cause severe eye irritation with corneal injury which may result in permanent impairment of vision, even blindness. Chemical burns may occur.
May cause moderate skin irritation with local redness. May cause drying and flaking of the skin.
Store in a cool, dry place and in original container.
Store out of reach of children, uninformed persons, and animals.
Store away from food, feed, drugs, drinking water, seed, and other agricultural chemicals.
Very toxic to fish and other aquatic organisms.

**RE-ENTRY:** Do not enter treated area until spray deposit has dried unless wearing protective clothing.

***Disclaimer***

***Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be efficacious under all conditions because the action and effect thereof may be affected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions; quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of weeds against the remedy concerned as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal or for lack of performance of the remedy concerned due to failure of the user to follow the label instructions or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier or registration holder in the event of any uncertainty.***

## PRECAUTIONS

**PRECAUTIONARY STATEMENTS:**
Avoid breathing mist/vapours/spray.
Wear protective gloves/protective clothing/eye protection/face protection.
IF ON SKIN: Wash with plenty of water.
IF INHALED: Remove person to fresh air and keep comfortable for breathing.
IF IN EYES: Rinse cautiously with water for several minutes. Remove contact lenses, if present and easy to do. Continue rinsing. Immediately call a POISON CENTER/doctor.
Dispose of contents/container in accordance with applicable regulations.

Do not inhale fumes or spray mist.
Avoid eye and skin contact.
Wear suitable protective clothing, gloves, eye, and face protection when handling the concentrate.
Wash contaminated clothing after use.
Wash with soap and water after use.
Do not eat, drink, or smoke whilst mixing or applying the product or before washing hands and face.
Avoid drift of spray mist onto other crops, grazing, rivers, dams, and areas not under treatment.
Prevent contamination of food, feed, drinking water and eating utensils.

**RELEVANT SUBSTANCES:**

| COMPONENTS | CAS-No. | Concentration (% w/w) |
|---|---|---|
| fluroxypyr-meptyl (ISO) | 81406-37-3 | 34,9 |
| Cloquintocet-mexyl | 99607-70-2 | 1,66 |
| Halauxifen-methyl | 943831-98-9 | 1,63 |
| Reaction mass of N,N-dimethyldecan-1-amide and N,N-dimethyloctanamide | Not Assigned | >= 40 - < 50 |
| Polyethylene glycol mono(tristyrylphenyl)ether | 99734-09-5 | >= 3 - < 10 |
| Benzenesulfonic acid, mono-C11-13branched alkyl derivs., calcium salts | 68953-96-8 | >= 2,5 - < 3 |
| Hydrocarbons, C10, aromatics, <1% naphthalene | 1189173-42-9 | >= 2,5 - < 3 |
| N-methyl-2-pyrrolidone | 872-50-4 | >= 0,1 - < 0,3 |

**FIRST AID TREATMENT:**

**Inhalation**
Move person to fresh air. If person is not breathing, call an emergency responder or ambulance, then give artificial respiration; if by mouth-to-mouth use rescuer protection (pocket mask etc). Call a poison control centre or doctor for treatment advice. If breathing is difficult, oxygen should be administered by qualified personnel.

**Skin contact**
Take off contaminated clothing. Wash skin with soap and plenty of water for 15-20 minutes. Call a poison control centre or doctor for treatment advice. Wash clothing before reuse. Shoes and other leather items which cannot be decontaminated should be disposed of properly.

**Eye contact**
Wash immediately and continuously with flowing water for at least 30 minutes. Remove contact lenses after the first 5 minutes and continue washing. Obtain prompt medical consultation, preferably from an ophthalmologist. Suitable emergency eye wash facility should be immediately available.

**Ingestion**
Call a poison control centre or doctor immediately for treatment advice. Have person sip a glass of water if able to swallow. Do not induce vomiting unless told to do so by the poison control centre or doctor. Never give anything by mouth to an unconscious person.

**RESISTANCE PREVENTION AND MANAGEMENT**

**PIXXARO® 266 EC** is a mixture of two synthetic auxin-type herbicides (Group O) which controls weeds by disrupting normal plant growth.

Some naturally occurring weed biotypes resistant to **PIXXARO® 266 EC** herbicide or other Group O herbicides may exist through normal genetic variability in any weed population. The resistant individuals can eventually dominate the weed population if herbicides with the same mode of action are used repeatedly. These resistant weeds will not be controlled by **PIXXARO® 266 EC** or other Group O herbicides.

## TO DELAY THE SELECTION OF RESISTANT WEEDS

- ❖ Integrate tillage, crop rotation or mechanical control methods (including non-selective herbicides) during the fallow period into weed control programs whenever practical.
- ❖ Avoid exclusive repeated use of herbicides from the same mode of action group. Plan crop rotations to allow use of herbicides from different mode of action groups.
- ❖ Maintain herbicide use records for each field.
- ❖ Prevent movement of resistant weed seeds and vegetative plant material to other fields by cleaning harvesting and tillage equipment and planting clean seed.
- ❖ When grazing, begin with fields with the least weed resistance before moving to fields with high resistance due to the possibility of animals spreading the seed.
- ❖ Inspect all fields annually to identify the development of resistance early.

For further advice on the prevention of herbicide resistance contact your Dow AgroSciences representative.

In the case where the above-mentioned measures are not followed, Dow AgroSciences will not be liable for any damage which may occur if **PIXXARO® 266 EC** does not control resistant weeds.

## USE RESTRICTIONS AND NOTES OF USE.

**Do not use as an aerial application.**

Do not apply **PIXXARO® 266 EC** to cereals undersown with legumes.
**DO NOT** use this product in stone fruit orchards.
Do not use **PIXXARO® 266 EC** in citrus and pome fruit orchards.
Do not use **PIXXARO® 266 EC** in nurseries.
Susceptible crops include but are not limited to clovers, cotton, hops, lupins, ornamentals, peas, pine trees, potatoes, safflower, shade trees, soybeans, stone fruit orchards, sunflower, tobacco, tomatoes, vegetables, and vines.
Do not apply **PIXXARO® 266 EC** to crops that are stressed by severe weather conditions such as cold or freezing temperatures and heavy rain, drought, waterlogging, nutrient deficiency, disease, insect or nematode damage or carry-over herbicide residues.
Apply the product strictly in accordance with the application directions.
Do not contaminate any water bodies e.g., dams, rivers, boreholes, etc.
**PIXXARO® 266 EC** should be applied only **ONCE** per season.

Clean application equipment thoroughly after use and ensure that all residues of **PIXXARO® 266 EC** are removed (See Sprayer clean-up).
Rinse empty container three times with a volume of water equal to a minimum of 10 % of that of the container. Add the rinse water to the contents of the spray tank before destroying the container in the prescribed manner and do not re-use it for any other purpose.

## MINIMUM RE-CROPPING PERIODS AND CROP ROTATION GUIDELINES

The minimum re-cropping period includes the time of last application of **PIXXARO® 266 EC** to the anticipated date of planting a subsequent crop. The periods specified below will only be valid if favorable soil moisture and temperature conditions prevail to promote more rapid breakdown of **PIXXARO® 266 EC** by microbial activity. Abnormally dry and/or cold conditions may result in slower degradation.

Careful consideration should be given to crop rotation plans prior to using **PIXXARO® 266 EC**.

To avoid injury to subsequent crops the following re-cropping periods should be observed:

| Follow Crops | Re-cropping periods |
|---|---|
| Barley, canola, maize, oats, sorghum, soybeans, sunflowers, wheat | 14 days |
| Cotton | 30 days |
| Dry beans, groundnuts, lucerne, peas | 9 months |

For all other follow crops not listed a replanting period of at least **24 months** must be observed preceded by a test planting. Test strips of the desired follow crop should be planted and monitored during germination and emergence for any abnormal growth to determine if the follow crop can be grown successfully. The land should always first be deeply ploughed before a follow crop is planted.

**WEEDS NORMALLY CONTROLLED BY PIXXARO® 266 EC:**

| | |
|---|---|
| *Amaranthus hybridus* | common pigweed |
| *Arctotheca calendula* | Cape weed |
| *Capsella bursa-pastoris* | Shepherd’s purse |
| *Chenopodium album* | White goosefoot |
| *Coronopus didymus* | Carrot weed |
| *Erodium moschatum* | Musk heron’s bill |
| *Galinsoga parviflora** | small-flowered quickweed |
| *Malva parviflora* | Small mallow |
| *Plantago lanceolata* | Narrow-leaved ribwort |
| *Senecio consanguineus* | Starvation Senecio |
| *Sisymbrium thellungii* | common wild mustard |
| *Stellaria media* | common chickweed |

* Variable control can be expected.

In addition to weeds listed above, the following weeds may also be controlled with tank mixtures of MAMBA™ DMA 480 SL when applied on fallow lands:

| | |
|---|---|
| *Conyza bonariensis* | Flax-leaf fleabane |
| *Conyza canadensis* | Horseweed fleabane |

**NOTES:**

1. **PIXXARO® 266 EC** controls certain weed species as listed above. Other annual broadleaf weed species that were not present during the development trials may also be controlled to a certain degree. The registration holder does not accept any responsibility for weeds not listed.

2. **PIXXARO® 266 EC** will not control weeds which have not yet emerged at the time of application.

**DIRECTIONS FOR USE** **Use only as directed.**

**GENERAL INFORMATION**

**PIXXARO® 266 EC** is an emulsion concentrate herbicide for pre-plant burndown of broadleaf weeds on fallow lands and selective early post-emergence control of broadleaf weeds in wheat, barley, and fallow lands.

**PIXXARO® 266 EC** must be mixed with clean water and applied as a uniform broadcast spray by means of ground application.

**PIXXARO® 266 EC** must be applied early post-emergence to the main flush of actively growing broadleaf weeds. Warm, moist growing conditions promote active weed growth and enhance the activity of **PIXXARO® 266 EC** by allowing maximum foliar uptake and activity.

Weeds hardened off by cold weather or drought stress may not be adequately controlled or suppressed and re-growth may occur. For best results, ensure thorough spray coverage of target weeds. When applied as a post-emergence treatment **PIXXARO® 266 EC** should be applied prior to crop growth reaching a density, which would inhibit effective coverage of the weeds.

For expanded spectrum broadleaf weed control on fallow lands, **PIXXARO® 266 EC** may be tank mixed with products as listed under "COMPATIBILITY" and must be applied to young weeds at the seedling stage but before they are beyond the 6-leaf growth stage. Weeds should also be actively growing under moist conditions. Weeds under drought stress may be less susceptible.

**PIXXARO® 266 EC** inhibits growth of susceptible plants. Visible symptoms may occur within 2-4 weeks under ideal growing conditions and up to 6-8 weeks under adverse conditions (prolonged periods of extremes in temperature or moisture).

**COMPATIBILITY: FALLOW LAND TREATMENT**

**PIXXARO® 266 EC** is compatible with the following herbicides in a tank mixture:

| | | |
|---|---|---|
| 2,4-D AMINE 480 SL | L3619 | (480 g 2,4-D Amine) |
| 2,4-D ESTER 500 EC | L3617 | (500 g 2,4-D Ester) |
| GLEAN® 75 DF | L1672 | (750 g chlorsulfuron) |
| MAMBA® DMA 480 SL | L8388 | (480 g glyphosate) |
| MCPA 400 SL | L3616 | (400 g MCPA) |

When **PIXXARO® 266 EC** is used in a tank mixture with any of the above-mentioned products all warnings, precautions, use restrictions and directions for use as indicated on the respective product labels must be fully adhered to.

**ALWAYS REFER TO PRODUCT LABELS.**

**NOTES:**

(i) **WHERE ONE OF THE ABOVE PRODUCTS IS USED IN A TANK MIXTURE WITH PIXXARO® 266 EC, FULL DETAILS FROM THE RELEVANT LABEL MUST BE OBTAINED AND ADHERED TO.**

(ii) The compatibility of **PIXXARO® 266 EC** in tank mixtures with recommended products may be influenced by the formulation of these products. The quality of the water may also have an effect on these tank mixtures. Since the formulation of other products may change without the knowledge of Corteva Agriscience RSA (Pty) Ltd and the quality of water may vary from farm to farm, a physical compatibility test should always be carried out prior to application. Corteva Agriscience RSA (Pty) Ltd does not accept any responsibility for the crop tolerance of these tank mixtures where the formulation of products has changed or for mixtures with products not listed above.

Consult your local representative for details.

## MIXING INSTRUCTIONS

Fill the spray tank up to a quarter to half full with clean water.
Start the agitation.
Add the required amount of **PIXXARO® 266 EC** to the spray tank.
Add the required amount of recommended complementary herbicides needed, such as MCPA 400 SL.
Continue agitation while topping up the spray tank with water until the final volume has been reached.
Ensure thorough agitation of the mixture in the tank continues whilst mixing and spraying.
Thoroughly re-agitate before re-using if a stoppage of spraying operations should occur for some reason.

When MAMBA™ DMA 480 SL is included in a tank mixture, it should be the last product to be added to the spray tank after all other products have been added. Ammonium sulphate should be added to the spray tank before **PIXXARO® 266 EC** is added.

Tank mixtures must be sprayed out immediately and not be allowed to stand in the spray tank as the effectiveness may be reduced due to product degradation.

## GROUND APPLICATION

**PIXXARO® 266 EC** can be applied on its own or in a tank mixture for fallow lands with any medium or high-volume sprayer equipment with an efficient agitation mechanism which is capable of adequate coverage and even distribution. Best results are obtained using flat fan spray nozzles and applying a minimum spray volume of 200 litres water per hectare.

Weeds that are screened off by other weeds or the crop may result in variable control due to insufficient coverage. When timing the application of **PIXXARO® 266 EC** this aspect must be considered. Best results are obtained from applications made to young, actively growing weed seedlings (2-6 leaf). Only weeds emerged at the time of application will be controlled.

| CROP | RATE/HA | REMARKS |
|---|---|---|
| **CEREALS wheat** | **500 ml PIXXARO® 266 EC** | Apply to actively growing weeds, seedling to 6-leaf growth stage. |
| **CEREALS barley** | **400 ml PIXXARO® 266 EC** | Apply to actively growing weeds, seedling to 6-leaf growth stage. |
| **FALLOW LANDS** | **500 ml PIXXARO® 266 EC**<br><br>+ products listed under “COMPATIBILITY”<br>(as per label recommendation) | Apply to actively growing weeds, seedling to 6-leaf growth stage. |
| Ensure that information listed under “DIRECTIONS FOR USE” is adhered to.<br><br>Ensure thorough coverage of weeds to achieve effective control. Weeds screened off by a dense stand of the crop and/or other weeds causing inhibited spray coverage, may be poorly controlled. Consider this aspect when deciding on spray application timing. Weeds germinating after application of **PIXXARO® 266 EC** will not be controlled as it has no strong soil residual activity.<br><br>Degree of control obtained, and duration of effect depend on weed species, weed size, growing conditions at, and following the period of application. | | |

## SPRAYER CLEANUP

To prevent any damage to subsequent crops, all residues of **PIXXARO® 266 EC** must be removed from the mixing and spraying equipment. Proceed as follows:

a) The spray tank should be drained immediately after spraying crops. Wash any contamination off the outside of the sprayer with clean water.

b) The inside of the spray tank should be rinsed with clean water and flushed with at least one tenth of the spray tank volume through the hoses and nozzles. Drain the tank completely.

c) Half-fill the tank with clean water and add the correct amount of cleaning agent, such as household ammonia. Per 100 litres of final tank volume, add 350 ml ammonia (9.5 % ammonia) to the water, e.g., in the case of a 1000 litres spray tank, fill with 500 litres water and add 3.5 litres (= 10 x 0.35 L) ammonia.

The initial solution now prepared, which is double strength, should be mixed thoroughly by turning on the agitation. This solution is used for flushing the hoses and nozzles for approximately 10–20 minute.

The remainder is then filled up to the final volume of the spray tank and allowed to stand for 15 minutes with the agitation running. After 15 minutes have elapsed, flush the boom and hoses again and drain the tank completely.

d) Remove the nozzles and filters and allow to soak in a bucket containing 40 ml of household ammonia per 10 litres of water.

e) Rinse the tank again with water and flush at least one tenth of the tank volume through the boom and hoses.

f) Dispose of the wash water safely. Do not spray onto sensitive crops or land intended for planting with sensitive crops.

Precautions with spray clean-up

- Do not inhale the vapour of the cleaning agents.
- Avoid contact with eyes and skin.
- In case of contact with eyes and skin immediately rinse with plenty of water and seek medical advice.
- Keep out of reach of children, uninformed persons, and animals.
- Keep cleaning agents only in original containers.

## STORAGE AND DISPOSAL

Storage conditions

Store away from sun and damp, in original tightly closed container, in a well-ventilated area apart from food and feed under lock and key. Avoid storage above 35° C.

Product and container disposal

Do not re-use empty containers for any other purpose, especially not for storing water, food, or feed. Perforate and flatten the container before disposing of them in the prescribed manner.

Destroy empty containers or surplus product in an industrial incinerator approved for agricultural chemicals. Do not bury in or spray onto any area under agricultural use. Empty containers should be rinsed thoroughly with clean water. Pour rinse solution in the spray tank.



---Internal Use---

**The following trademarks/registrations under Act No. 36 of 1947 are acknowledged:**

| | | |
|---|---|---|
| GLEAN® 75 DF | L1672 | FMC Chemicals (Pty) Ltd |

**24 HOUR EMERGENCY: TEL. NO. +27(0)82 887 8079**

**INFORMATION HOTLINE: TEL. NO. +27(0)12 683 5700**

® Trademark of Corteva Agriscience™ and its affiliated companies. All unauthorized reproduction of this label is forbidden.

**WAARSKUWINGS**

| **RISIKO VERKLARINGS:** |
| --- |
| Mag moontlik 'n allergiese velreaksie veroorsaak.<br>Veroorsaak ernstige oogskade.<br>Mag moontlik respiratoriese irritasie veroorsaak.<br>Baie giftig vir waterlewe met langdurige effek. |

**GARS** - Laat 95 dae toe tussen toediening en oes.

**KORING** - Laat 91 dae toe tussen toediening en oes.

Mag erge oogirritasie met horingvliesskade veroorsaak wat kan lei tot permanente skade en selfs blindheid. Chemiese brandwonde mag voorkom.
Mag matige velirritasie met lokale rooiheid veroorsaak. Mag vel uitdroog of laat skilfer.
Berg in 'n koel, droë plek en in oorspronklike houer.
Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
Berg weg van voedsel, voer, medisyne, drinkwater, saad en enige ander landbouchemikalieë.
Baie giftig vir visse en ander akwatiese organismes.

**HERBETREDING:** Moet nie behandelde gebied betree alvorens die spuitneerslag droog is nie, tensy beskermende oorklere gedra word.

**VRYWARING**

***Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van onkruide teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer of registratsiehouer in die geval van enige onsekerheid.***

**VOORSORGMAATREËLS**

| **VOORSORG VERKLARINGS:** |
| --- |
| Vermy asemhaling van mis/dampe/sproei.<br>Dra beskermende handskoene/beskermende klere/oog- en gesigskerm.<br>INDIEN OP DIE VEL: Was met baie water.<br>INDIEN INGEASEM: Verskuif die persoon na `n plek waar daar vars lug is vir maklike asemhaling.<br>INDIEN IN OË: Spoel versigtig uit met water vir 'n paar minute. Verwyder kontaklense, indien dit teenworodig is en met gemak verwyder kan word. Gaan voort met spoel. Ontbied onmiddellik 'n gifbeheersentrum/geneesheer.<br>Raak ontslae van die inhoud/houer in ooreenstemming met toepaslike regulasies. |

Moet nie walms of spuitnewel inasem nie.
Vermy kontak met oë en vel.
Was besoedelde klere na gebruik.
Was met seep en water na gebruik.
Moet nie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening van die produk of voordat hande en gesig gewas is nie.
Vermy spuitnewelwegdrywing na ander gewasse, weivelde, riviere, damme en areas nie onder behandeling nie.
Voorkom die besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.

**RELEVANTE STOWWE:**

| KOMPONENTE | CAS-No. | Konsentrasie (% w/w) |
|---|---|---|
| fluroksipir-meptiel (ISO) | 81406-37-3<br>279-752-9<br>607-272-00-5 | 34,9 |
| Cloquintocet-mexyl | 99607-70-2<br>01-2119381871-32-0002,<br>01-2119381871-32-0003,<br>01-2119403579-350000 | 1,66 |
| Halauxifen-metiel | 943831-98-9 | 1,63 |
| Reaksiemassa van N,N-dimetieldekaan-1-amied en N,N-dimetieloktanamied | Not Assigned<br>01-2119974115-37 | >= 40 - < 50 |
| Poliëtileenglikol mono (tristirielfeniel) eter | 99734-09-5 | >= 3 - < 10 |
| Benseensulfonsuur, mono-C11-13-vertakte alkielderivate, kalsiumsoute | 68953-96-8<br>273-234-6<br>01-2119964467-24 | >= 2,5 - < 3 |
| Koolwaterstowwe, C10, aromaten, <1% naftaleen | 1189173-42-9<br>01-2119463583-34-0008,<br>01-2119463583-34-0009,<br>01-2119463583-340010 | >= 2,5 - < 3 |
| N-metiel-2-pirrolidon | 872-50-4<br>212-828-1<br>606-021-00-7<br>01-2119472430-46 | >= 0,1 - < 0,3 |

**NOODHULPBEHANDELING:**

**Inaseming:**
Verskuif persoon na vars lug. Indien die persoon nie asemhaal nie, ontbied 'n noodhulpdiens of ambulans, gee dan kunsmatige asemhaling; indien mond-tot-mond gebruik redderbeskerming (sakmasker ens.). Bel 'n gifbeheersentrum of dokter vir behandelingsadvies. As asemhaling moeilik is, moet suurstof deur gekwalifiseerde personeel toegedien word.

**Velkontak:**
Verwyder gekontamineerde klere. Was vel met seep en genoegsame water vir 15 – 20 minute. Kontak ‘n gifbeheersentrum of geneesheer vir behandelingsadvies. Was gekontamineerde klere voor hergebruik. Skoene en ander leeritems wat nie ontsmet kan word nie, moet behoorlik weggedoen word.

**Oogkontak:**
Spoel oë dadelik en deurlopend met vloeiende water vir ten minste 30 minute. Verwyder kontaklense, indien teenwoordig, na aanvanklike 5 minute en spoel vir nog etlike minute. Kry dadelik mediese behandeling, verkieslik van ’n oogarts. Voldoende noodhulp oogwas fasiliteite moet dadelik beskikbaar wees.

**Inname:**
Kontak onmiddellik ’n gifbeheersentrum of geneesheer vir behandelingsadvies. Laat die persoon ‘n glas water drink indien persoon kan sluk. Moet nie braking induseer tensy deur geneesheer aangesê word om dit te doen nie. Moet nooit iets per mond aan 'n bewustelose persoon gee nie.

## WEERSTANDVOORKOMING EN -BESTUUR

**PIXXARO® 266 EC** is ‘n samestelling van twee sintetiese ouksien-tipe onkruiddoders (Groep O). Onkruidbeheer word verkryg deur normale plantegroei te onderbreek.

Weens natuurlike genetiese variasie in enige onkruidpopulasie, mag sommige onkruidbiotipes wat in die natuur voorkom, weerstandbiedendheid toon teen **PIXXARO® 266 EC** of ander Groep O onkruiddoders. Indien onkruiddoders met dieselfde werkingswyse herhaaldelik gebruik word, kan hierdie weerstandbiedende individue uiteindelik die onkruidpopulasie domineer. Hierdie weerstandbiedende onkruide sal nie deur **PIXXARO® 266 EC** of ander Groep O onkruiddoders beheer word nie.

## BESTUURSAKSIES OM SELEKSIE VAN WEERSTANDBIEDENDE ONKRUIDE TE VERMINDER

- Implementeer bewerkingspraktyke, wisselboustelsels of ander meganiese beheer-stelsels (insluitende die gebruik van nie-selektiewe onkruiddoders) waar prakties moontlik.
- Vermy die herhaalde gebruik van onkruiddoders met dieselfde metode van werking. Beplan gewasrotasie sodat onkruiddoders met verskillende metodes van werking gebruik word.
- Hou rekord van onkruiddodergebruik van elke land.
- Voorkom die verspreiding van weerstandbiedende saad asook vegetatiewe plantmateriaal na ander lande deur stropers en ploeë gereeld skoon te maak en plant onkruidvrye saad.
- Met beweiding, begin by lande met die minste onkruidweerstand voor beweging na lande met hoë weerstand om verspreiding van saad deur diere te verhoed.
- Ondersoek alle lande jaarliks om moontlike weerstand vroegtydig uit te ken.

Kontak u Corteva Agriscience™ verteenwoordiger vir verdere advies rakende die voorkoming van onkruiddoder weerstandbiedendheid.

Indien bostaande maatreëls nie nougeset nagekom word nie, kan Corteva Agriscience™ geen aanspreeklikheid aanvaar ten opsigte van enige verlies wat mag ontstaan indien **PIXXARO® 266 EC** nie weerstandbiedende onkruide beheer nie.

## GEBRUIKSBEPERKINGS EN NOTAS VAN GEBRUIK.

**Moet nie as 'n lugbespuiting gebruik nie.**

Moet nie **PIXXARO® 266 EC** toedien op kleingraan ondergesaai met peulgewasse nie.
**MOET NIE** hierdie produk gebruik in steenvrugboorde nie.
Moet nie **PIXXARO® 266 EC** toedien in sitrus of kernvrug boorde nie.
Moet nie **PIXXARO® 266 EC** toedien in kwekerye nie.
Gevoelige gewasse sluit in, maar is nie beperk tot aartappels, dennebome, erte, groente, hops, katoen, klawers, lupiene, saffloer, sierplante, skadubome, sojabone, steenvrugteboorde, sonneblomme, tabak, tamaties en wingerde.
Moet nie **PIXXARO® 266 EC** toedien op gewasse wat onder stremming verkeer a.g.v. strawwe weerstoestande soos koue of ysige temperature of swaar reëns, droogte, versuiping, nutriënt tekort, siekte, insek- of aalwurmskade of onkruiddoderoordraging nie.
Dien die produk streng volgens die gebruiksaanwysings toe.
Moet nie enige waterbronne besoedel nie bv. damme, riviere, boorgate,ens.
**PIXXARO® 266 EC** mag slegs **EEN** keer per seisoen toegedien word.

Maak toedieningsapparaat deeglik skoon na gebruik en maak seker dat alle residue van **PIXXARO® 266 EC** verwyder is (Sien Skoonmaak van spuit toerusting).
Spoel leë houer drie keer uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10 % van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer op die voorgeskrewe wyse vernietig word en moet dit vir geen ander doel hergebruik nie.

## MINIMUM WAGPERIODES EN WISSELBOU-AANWYSINGS

Die minimum wagperiode dui op die tydsverloop vanaf die laaste toediening van **PIXXARO® 266 EC** tot die verwagte tyd van aanplanting van 'n opvolggewas. Die periodes hieronder gespesifiseer, sal slegs geldig wees indien gunstige grondvog- en temperatuurtoestande, wat spoedige afbraak van **PIXXARO® 266 EC** deur mikrobiese aktiwiteit bevorder, sou heers. Abnormale droë en/of koue toestande mag stadiger afbraak teweegbring.

Deeglike oorweging moet gegee word aan wisselboubeplanning alvorens **PIXXARO® 266 EC** gebruik word.

Om skade aan opvolggewasse te voorkom, moet die volgende wagperiodes in ag geneem word:

| Opvolggewasse | Wagperiodes |
|---|---|
| Gars, hawer, kanola, koring, mielies, sojabone, sonneblomme, sorghum | 14 dae |
| Katoen | 30 dae |
| Droëbone, erte, lusern, grondbone | 9 maande |

Vir alle ander gewasse nie gelys nie, word 'n wagperiode van ten minste **24 maande** aanbeveel, voorafgegaan deur 'n toetsplanting. Toetsstroke van die verlangde opvolggewas moet aangeplant word en tydens ontkieming en opkoms gemoniteer word vir enige abnormale groei om te bepaal of die opvolggewas suksesvol verbou kan word. Die land moet altyd eers diep geploeg word voordat 'n opvolggewas geplant word.

**ONKRUIDE NORMAALWEG BEHEER DEUR PIXXARO® 266 EC:**

| | |
|---|---|
| *Amaranthus hybridus* | Gewone misbredie |
| *Arctotheca calendula* | Gousblom |
| *Capsella bursa-pastoris* | Herderstassie |
| *Chenopodium album* | Withondebossie |
| *Coronopus didymus* | Peperkruid |
| *Erodium moschatum* | Turknael |
| *Galinsoga parviflora** | Knopkruid |
| *Malva parviflora* | Kiesieblaar |
| *Plantago lanceolata* | Smalweëblaar |
| *Senecio consanguineous* | Radiatorbossie |
| *Sisymbrium thellungii* | Gewone wilde mosterd |
| *Stellaria media* | Sterremeer |

* Wisselvallige beheer kan verwag word.

Bykomende tot die onkruide hier bo gelys, kan die volgende onkruide ook beheer word met tenkmengsels van MAMBA® DMA 480 SL op oorlê lande:

| | |
|---|---|
| *Conyza bonariensis* | Kleinskraalhans |
| *Conyza canadensis* | Kanadese skraalhans |

**NOTAS:**

1. **PIXXARO® 266 EC** beheer sekere onkruidspesies soos gelys hierbo. Ander eenjarige breëblaaronkruide wat nie tydens die ontwikkelingsproewe voorgekom het nie, kan ook tot 'n sekere mate beheer word. Die registrasiehouer aanvaar egter geen aanspreeklikheid ten opsigte van ongelyste onkruide nie.

2. **PIXXARO® 266 EC** sal nie onkruide beheer wat nog nie ten tye van die toediening opgekom het nie.

**GEBRUIKSAANWYSINGS** **Gebruik slegs soos aangedui.**

**ALGEMENE INLIGTING**

**PIXXARO® 266 EC** is 'n emulsie konsentraat onkruiddoder vir voor-plant beheer van breëblaaronkruide op oorlê lande en selektiewe vroeg na-opkoms beheer van breëblaaronkruide in koring, gars en oorlê lande.

**PIXXARO® 266 EC** moet met skoon water gemeng word en as 'n eenvormige, breedwerpige grondbespuiting toegedien word.

**PIXXARO® 266 EC** moet vroeg na-opkoms toegedien word op jong en aktief groeiende breëblaaronkruide. Warm, vogtige toestande bevorder die groei van onkruide wat dan die blaaropname en effektiwiteit van **PIXXARO® 266 EC** bevorder.

Onkruide wat gehard is deur koue weer of droogtestres, kan lei tot onvoldoende beheer of onderdrukking en hergroei kan moontlik plaasvind. Vir beste resultate, verseker deeglike bedekking van die teikenonkruide. **PIXXARO® 266 EC** moet toegedien word voordat die gewas te dig word en doeltreffende bedekking van die onkruide beperk.

Om die maksimum beheer van breëblaaronkruide te verkry op oorlê lande, dien **PIXXARO® 266 EC** toe saam met produkte soos gelys onder "VERENIGBAARHEID" op jong onkruide in die saailingstadium, maar voor dit verby die 6-blaar groeistadium gaan. Onkruide moet aktief groei onder vogtige toestande. Onkruide wat onder droogtestremming verkeer, mag minder gevoelig wees.

**PIXXARO® 266 EC** inhibeer die groei van gevoelige plante. Sigbare simptome wys binne 2–4 weke onder ideale toestande. Onder ongunstige toestande, sal simptome sigbaar wees tot en met 6–8 weke (verlengde periodes van uiterste temperature of vogtigheid).

**VERENIGBAARHEID: OORLÊ LANDE BEHANDELING**

**PIXXARO® 266 EC** is verenigbaar met die volgende onkruiddoders in 'n tenkmengsel:

| | | |
|---|---|---|
| 2,4-D AMINE 480 SL | L3619 | (480 g 2,4-D Amine) |
| 2,4-D ESTER 500 EC | L3617 | (500 g 2,4-D Ester) |
| GLEAN® 75 DF | L1672 | (750 g chlorsulfuron) |
| MAMBA® DMA 480 SL | L8388 | (480 g glifosaat) |
| MCPA 400 SL | L3616 | (400 g MCPA) |

Wanneer **PIXXARO® 266 EC** in 'n tenkmengsel saam met enige van die bogenoemde produkte gebruik word, moet alle waarskuwings, voorsorgmaatreëls, gebruiksbeperkings en -aanwysings noukeuring nagekom word soos aangedui op die onderskeie etikette.

**VERWYS ALTYD NA DIE PRODUKETIKETTE.**

**<u>NOTAS:</u>**

(i) **WAAR EEN VAN DIE BOGENOEMDE PRODUKTE MET PIXXARO® 266 EC IN 'N TENKMENGSEL GEBRUIK WORD, MOET VOLLEDIGE INLIGTING VAN DIE BETROKKE ETIKET VERKRY EN NAGEVOLG WORD.**

(ii) Die verenigbaarheid van **PIXXARO® 266 EC** in tenkmengsels met aanbevole produkte, kan beïnvloed word deur die formulasie van hierdie produkte. Die kwaliteit van die water kan ook 'n effek hê op hierdie tenkmengsels. Aangesien die formulasie van ander produkte kan verander sonder die medewete van Corteva Agriscience RSA (Pty) Ltd en die kwaliteit van die water ook van plaas tot plaas kan verskil, moet 'n fisiese verenigbaarheidstoets altyd uitgevoer word voordat dit gespuit word. Corteva Agriscience RSA (Pty) Ltd aanvaar geen verantwoordelikheid vir gewas verdraagsaamheid van hierdie tenkmengsels waar die formulasie van produkte verander het of vir mengsels met produkte wat nie hierbo gelys word nie.

Vir verdere inligting, raadpleeg u plaaslike verteenwoordiger.

**MENGINSTRUKSIES**

Vul die spuittenk kwart tot halfvol met skoon water.
Begin die roering.
Voeg die verlangde hoeveelheid **PIXXARO® 266 EC** tot die spuittenk.
Voeg die nodige hoeveelheid van aanbevole komplementêre onkruiddoders by soos bv. MCPA 400 SL.
Hou deeglik in roering en vul die tenk verder met water tot die verlangde volume in die spuittenk bereik is.
Die spuitmengsel moet tydens vermenging en toediening voortdurend deeglik in roering gehou word.
Roer deeglik voor hergebruik as daar 'n onderbreking is tydens die toedieningsproses vir watter rede ookal.

Indien MAMBA® DMA 480 SL deel is van 'n tenkmengsel, moet dit as die laaste produk tot die spuittenk gevoeg word nadat al die ander produkte bygevoeg is. Ammoniumsulfaat moet bygevoeg word tot die spuittenk voordat **PIXXARO® 266 EC** bygevoeg word.

Tenkmengsels moet onmiddellik uitgespuit word en mag nie in die spuittenk staan nie, aangesien die doeltreffendheid verminder kan word as gevolg van produkafbraak.

**GRONDTOEDIENING**

**PIXXARO® 266 EC** kan op sy eie of in 'n tenkmengsel vir oorle lande toegedien word met enige medium- of hoëvolume spuittoerusting met 'n doeltreffende roermeganisme wat in staat is om voldoende bedekking en eweredige verspreiding te verseker.

Die beste resultate word verkry deur van platwaaierspuitpunte gebruik te maak en 'n minimum spuitvolume van 200 liter water per hektaar toe te dien.

Onkruide wat deur ander onkruide of die gewas afgeskerm word, mag onvoldoende bedek word en tot wisselvallige beheer aanleiding gee. Dit moet deeglik in ag geneem word by die tydsberekening van die toediening van **PIXXARO® 266 EC**. Vir optimale beheer, moet die onkruide op die jong, aktief groeiende stadium (2-6 blaar) gespuit word. Slegs onkruide wat teenwoordig is tydens toediening, sal beheer word.

| GEWAS | DOSIS/HA | OPMERKINGS |
|---|---|---|
| **KLEINGRAAN koring** | **500 ml PIXXARO® 266 EC** | Dien toe op aktief groeiende onkruide, saailing tot 6-blaar groeistadium. |
| **KLEINGRAAN gars** | **400 ml PIXXARO® 266 EC** | Dien toe op aktief groeiende onkruide, saailing tot 6-blaar groeistadium. |
| **OORLÊ LANDE** | **500 ml PIXXARO® 266 EC**<br><br>+ produk gelys onder "VERENIGBAARHEID" (soos per etiket aanbeveling) | Dien toe op aktief groeiende onkruide, saailing tot 6-blaar groeistadium. |
| Verseker dat inligting onder "GEBRUIKSAANWYSINGS" gevolg word.<br><br>Verseker deeglike bedekking van onkruide om effektiewe beheer te verkry. Waar onkruide deur 'n digte stand van die gewas en/of ander onkruide afgeskerm word, kan dit onvoldoende sproeibedekking veroorsaak met daarop-volgende swak onkruidbeheer. Neem hierdie aspek in ag wanneer daar op die spuittoedieningstyd besluit word. Onkruide wat na die toediening van **PIXXARO® 266 EC** ontkiem, sal nie beheer word nie, aangesien hierdie produk oor geen sterk grond residuele nawerking beskik nie.<br><br>Graad van beheer verkry en die duurte van die effek hang af van die onkruidspesie, onkruidgrootte en groeitoestande gedurende en na die toediening. | | |

**SKOONMAAK VAN SPUITTOERUSTING**

Om daaropvolgende skade aan gewasse te vermy, moet alle residue van **PIXXARO 266 EC** direk na toediening, deeglik vanuit die meng- en spuittoerusting verwyder word. Gaan soos volg te werk:

a) Dreineer die spuittenk onmiddellik na bespuiting van gewas. Was enige kontaminasie van die buitekant van die tenk af met skoon water.

b) Spoel die binneoppervlak van die tenk met skoon water. Spuit ten minste een tiende van die tenk se kapasiteit deur die pype en spuitpunte. Dreineer die tenk deeglik.

c) Maak die tenk half vol met skoon water en voeg die korrekte hoeveelheid skoonmaakmiddel, bv. huishoudelike ammoniak, by. Vir elke 100 liter van die finale tenk volume, voeg 350 ml ammoniak (9.5 % ammoniak), in die water. (bv. in die geval van 'n 1000 liter spuittenk, vul dit met 500 liter water en voeg 3.5 liter (= 10 x 0.35 L) ammoniak by).

Die oorspronklike mengsel, wat nou dubbel-sterkte is, moet deeglik geroer word en deur die pype en spuitpunte vir ongeveer 10–20 minute gespoel word.

Voeg dan water by die oorblywende mengsel tot die tenk vol is. Laat hierdie mengsel 15 minute in die tenk staan terwyl roering plaasvind. Na die verloop van 15 minute, spuit weer deur die pype en spuitpunte. Dreineer die tenk deeglik.

d) Verwyder spuitpunte en siwwe en plaas in 'n emmer wat 40 ml huishoudelike ammoniak per 10 liter water bevat.

e) Spoel die tenk weer deeglik uit met skoon water. Spuit ten minste een tiende van die tenk se kapasiteit deur die pype en spuitpunte.

f) Spuit alle spoelwater veilig weg. Moet nie op sensitiewe gewasse of op lande bedoel vir die plant van sensitiewe gewasse, spuit nie.

Voorsorgmaatreëls met skoonmaak van spuit

- Moet nie die dampe van die skoonmaakmiddel inasem nie.
- Vermy kontak met oë en vel.
- In geval van kontak met oë en vel, spoel onmiddellik met genoegsame water en verkry mediese raad.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Hou skoonmaakmiddels slegs in die oorspronklike houers.

## BERGING EN VERNIETIGING

Bergingstoestande

Berg weg van sonlig en vogtigheid, in oorsponklike houer wat dig toegemaak is, in 'n goed geventileerde area, weg van voedsel en voer agter slot en grendel. Vermy berging bo 35° C.

Produk- en houervernietiging

Moet nie leë houers hergebruik vir enige ander doel nie, veral nie vir die stoor van water, voedsel en voer nie. Perforeer en druk die houer plat voordat dit op die voorgeskrewe wyse weggedoen word.

Vernietig leë houers of oorskotproduk in 'n industriële verbrandingsoond wat vir landbouchemikalieë goedgekeur is. Moet dit nie begrawe in of spuit op enige gebied wat onder landboukundige gebruik is nie. Leë houers moet deeglik met skoon water uitgespoel word. Gooi hierna die spoeloplossing in die spuittenk.

**Die volgende handelsmerke en registrasies onder Wet 36 van 1947 word erken:**

| | | |
|---|---|---|
| GLEAN® 75 DF | L1672 | FMC Chemicals (Pty) Ltd |

**24 UUR NOODGEVAL: TEL. NO. +27(0)82 887 8079**

**TEGNIESE NAVRAE/INLIGTING: TEL. NO. +27(0)12 683 5700**

® Handelsmerk van Corteva Agriscience™ en sy geaffilieerde maatskappye. Alle ongemagtigde reproduksie van hierdie etiket word verbied.